

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**No. 3/1995**

**God se kerk groei -**

**In kwaliteit en kwantiteit**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

## **Visie**

*Om elkeen van ons, as individu en in gemeenskap met mekaar, volkome voor te berei en toe te rus vir ons evangeliseringstaak. God doen dit deur ons met sy geïnspireerde Skrif in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n evangelieserende lewenswyse te kweek*

## **Aksie**

Met die visie in die oog word biddend aan die volgende uitgawes van **Quo Vadis** gewerk:

### **Tema 1: Ek WIL in Christus na die wêreld uitreik!**

Quo Vadis 1: Vertel vir almal: God is groot!

Quo Vadis 2: God het na my uitgereik - Hy reik deur my na ander uit!

### **Quo Vadis 3: God se kerk groei - in kwaliteit en kwantiteit!**

Quo Vadis 4: "...krag om te getuig..."

Quo Vadis 5: "Die Kerkraad besluit om die gemeente te lei om meer en meer 'n evangeliserende gemeente te wees."

### **Tema 2: Méér as woorde...**

Quo Vadis 6: "...'n vriend van tollenaars en sondaars..." Quo Vadis 7: "...en maak hulle my dissipels..."

### **Tema 3: Het jy die goeie nuus gehoor?**

Quo Vadis 8: Evangelieserende prediking

Quo Vadis 9: Evangelie visueel verduidelik

Quo Vadis 10: "Aanvaar jy sy genade?"

Quo Vadis 11: Gevallestudies

### **Tema 4: God se gemeente - iewers om tuis te kom**

Quo Vadis 12: Geloofsgemeenskap waarin ek tuiskom

Quo Vadis 13: Erediens waar ek God ontmoet - na Hom luister en Hom aanbid

Quo Vadis 14: Geloofsonderrig wat opbou

### **Gebruik hierdie Quo Vadis? só**

- Stel *Quo Vadis* beskikbaar en bekend aan die gemeente (bv. by die deure of na die erediens of deur die ouderlinge op huisbesoek).
- Individuele gelowiges kan dit vir persoonlike groei deurwerk.
- Stimuleer veral groepe (die kerkraad, diakonie, susters, wyksamekomste en Bybelstudiegroepe) om saam die eksemplare van *Quo Vadis* deur te werk en te bespreek.
- Laat bedieningskommissies dit deurwerk en voorstelle aan die kerkraad maak.

# GOD SE KERK GROEI - IN KWALITEIT EN KWANTITEIT

'n Mens sou 'n gemeente met 'n halwe vaatjie kon vergelyk waarin water gehou word. Die vaatjie bestaan uit agt planke. Elkeen van die planke verteenwoordig 'n aspek van die gemeente se bestaan.


**Die kortste plank sal op die ou end bepaal hoe groot die inhoud is wat die vaatjie kan hou.**

Net so sal die faset van 'n gemeente wat die swakste ontwikkel is en die minste gegroei het, bepalend wees vir hoeveel van die lewende water van die Heilige Gees die gemeente regtig kan hou om uit te deel.

Gestel byvoorbeeld 'n groot evangelisasie projek word van stapel gestuur. Maar die hele gemeente het nie intussen gegroei in hulle vermoë om daadwerklike liefdesdiens te bewys nie. Al die vrug van so 'n evangelisasieprojek sal weer uitloop by die "kort plankie" van die gemeente se liefdesdiens.

So is al die aspekte van die gemeente se dienswerk op mekaar afgestem en moet daar blywende groei in elke aspek wees.

Jesus Christus wil hê sy liggaam, die kerk, moet groei.



Uit Christus groei die hele liggaam, ondersteun deur die gewigte en saamgebind deur die spiere soos God dit laat groei.

**Kol 2:19**

## **Die eerste gemeente groei...**

Volgens die Nuwe Testament het die eerste gemeente geweldig in getalle gegroei. Terselfdertyd het hulle ook gegroei in hulle liefde vir die Here, vir mekaar en mense in nood.

Die groot getal wat gelowig geword het, was een van hart en siel... Nie een van hulle het gebrek gely nie...

**Hand 4:32-34**

**Daar was groei in kwaliteit sowel as in kwantiteit!**

Hulle het gegroei in hulle kennis en insig in die Woord van God en daarom ook in hulle vrymoedigheid om oor Hom te praat.

Hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig...

**Hand 4:31**

Die organisatoriese struktuur het gegroei. Mense is in besondere dienste aangestel en take is verdeel. Die vrug daarvan was dat die Woord steeds verder versprei (letterlik: gegroeï) het.

"...soek sewe mans onder julle... sodat ons hulle vir hierdie taak kan aanstel. Ons sal dan ons aandag aan gebed en die bediening van die woord bly gee."

Die gelowiges het hulle voor die apostels gebring, en die het vir hulle gebed en hulle die hande opgelê.

Die Woord het verder versprei, en die getal gelowiges in Jerusalem het geweldig toegeneem.

**Hand 6:3-4, 6-7**

***Hulle groei in kwaliteit en kwantiteit was ten nouste aan mekaar verbonde.***

Die gemeente het toegeneem in hulle oorgawe aan Jesus Christus, in onderlinge eensgesindheid, in hulle daadwerklike liefde vir mekaar en hulle volharding in die leer en aanbidding.

Dié wat sy woorde aangeneem het, is gedoop, en omtrent drie duisend mense is op daardie dag by die getal van die gelowiges gevoeg. Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.

**Hand 2:41-42**

Dit loop alles uit op die gevolg...

Die Here het elke dag mense wat gered is tot die gemeente toegevoeg.

## ***Die ideale toestand van die gemeente lyk so!***

In die hele Judea, Galilea en Samaria het die kerk 'n tyd van rus en vrede belewe. Dit het gevestig geraak en in gehoorsaamheid aan die Here gelewe. Die kerk is deur die Heilige Gees versterk en die ledetal het toegeneem.

Letterlik vertaal: Hulle het vermeerder in getalle terwyl hulle gewandel het in die vrees van die Here en die vertroosting van die Heilige Gees.)

**Hand 9:31**

***Die gemeente se groei in getalle (kwantiteit) en in geestelike verdieping (kwaliteit) is volgens die Nuwe Testament geheel en al in mekaar verweef.***

So is die gemeentes in die geloof versterk en die aantal gelowiges het by die dag groter geword.

**Hand 16:5**

As daar nie kwalitatiewe groei is nie, sal daar nie blywend kwantitatiewe groei wees nie. Aan die ander kant: as daar nie groei in getalle is nie moet daar ernstige vrae ontstaan oor die kwalitatiewe groei van die kerk.

## God se doel met die kerk

Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.

1 Pet 2:8

Die vernaamste doel van die kerk is om God te verheerlik. Dit is immers wat die kerk is: Mense wat God uitgekies het en van wie Hy verklaar het: "Julle is myne!"

***Ons as Christene moet eerstens besef wie ons is, en dan waarom ons hier is...***

### Wie is ek?

Ek is vir ewig 'n verlose kind van die lewende heilige God.

- Ek is vir 'n baie duur prys gekoop. Die prys was die lewe van God se enigste Seun.
- Ek is 'n nuwe skepsel, God se meesterstuk. Hy is besig om my al meer na die beeld van sy Seun te herskep.
- Ek is die Koning se eiendom. Ek behoort nie aan myself nie. My liggaam, my verstand, my tyd en my energie behoort aan Jesus Christus.

### Waarom is ek hier?

God het my nie maar net aan Hom verbind om dit te geniet nie. Dan is ek 'n parasiet wat maar *net* op ander *teer*.

- Ek is nou God se *lig* vir die wêreld wat die pad terug na Hom toe moet aandui vir diegene wat die pad verloor het of nog nooit geken het nie.
- Ek is betrokke in 'n oorlog, 'n *soldaat* van die Koning agter vyandige linies wat mense wat deur die vyand gebreinspoel is, moet red.
- Ek is 'n *spieël* wat die skitterblink majesteit van die beeld van Christus aan 'n verveelde en siniese wêreld moet weerkaats.

God wil my gebruik om sy eie eer en majesteit te proklameer!

### Bewaar en vermeerder u kerk...

Om tot eer van die Here te kan groei moet daar in *al die aspekte* van die funksionering van die gemeente 'n gebalanseerde klem op die gemeente se groei in kwaliteit en kwantiteit wees. Of dit in prediking, onderrig, aanbidding, opsig en bestuur en leiding van die voorgangers is, *in alles* moet daar 'n integrale eenheid gehandhaaf word tussen die bewaring en vermeerdering van die kerk.

Om te kan bewaar moet die kerk blywend gerig wees op vermeerdering. Om te kan vermeerder moet die kerk in 'n hegte liefdesverhouding tot God en tot mekaar bewaar word.

Laat U koninkryk kom...

...bewaar en vermeerde u kerk...

**Heidelbergse Kategismus Vraag/Antwoord 123**

*As iemand sou vra: "Watter een van hierdie twee, die bewaring of die vermeerdering van die kerk, is die belangrikste?" dan is dit dieselfde soort van vraag as wanneer iemand sou vra: "Watter een van my twee neusgate is die belangrikste: my linker- of my regter neusgat?"!*

# Bybelstudies

Die volgende Bybelstudies is bedoel om jou te help om groter insig te kry in die balans tussen die kwalitatiewe en die kwantitatiewe groei van die kerk.

## (1) So lyk die kerk van Christus

<p><sup>37</sup> By die aanhoor hiervan is die mense diep getref en het hulle vir Petrus en die ander apostels gevra: "Wat moet ons doen, broers?"</p> <p><sup>38</sup> Toe antwoord Petrus hulle: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang."</p> <p><sup>39</sup> Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep."</p> <p><sup>40</sup> Met nog baie ander woorde het Petrus getuig en hulle aangespoor: "Laat julle red tussen hierdie ontaarde mense uit."</p> <p><sup>41</sup> Dié wat sy woorde aangeneem het, is gedoop, en omtrent drie duisend mense is op daardie dag by die getal van die gelowiges gevoeg.</p> <p><sup>42</sup> Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.</p> <p><sup>43</sup> Die apostels het baie wonders en tekens gedoen, en dit het almal met diep ontsag vervul.</p> <p><sup>44</sup> Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel.</p> <p><sup>45</sup> Hulle het hulle grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte.</p> <p><sup>46</sup> Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydschap en in alle eenvoud geëet,</p> <p><sup>47</sup> en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg.</p>	<ul style="list-style-type: none"><li>▪ Wat beteken die kerk vir jou?</li><li>▪ Maak 'n lysie van ten minste 3 basiese vereistes waaraan jy dink elke gemeente van Christus behoort te voldoen.</li><li>▪ Wat is die basiese vereistes waaraan elke belydende lidmaat van die kerk behoort te voldoen (verse 38, 40 en 47)?</li></ul> <p>Lees ook die tweede paragraaf van Artikel 29 van die Nederlandse Geloofs-belydenis oor die kenmerke van die Christene waaraan elke lidmaat van die kerk behoort te voldoen.</p> <p>Vervolgens, aangaande die lidmate van die kerk: Ons kan hulle uitken aan die kenmerke van die Christene, naamlik hulle geloof dat hulle die enigste Verlosser Jesus Christus aangeneem het en dat hulle daarna die sonde ontvlug, die geregtigheid najaag, die ware God en hulle naaste liefhet, nie na regs of links afwyk nie en hulle sondige natuur met sy werke kruisig. Hiermee sê ons nie dat daar nie nog groot swakheid in hulle is nie; intendeel, deur die Gees stry hulle juis al die dae van hulle lewe daarteen, terwyl hulle altyd weer hulle toevlug neem tot die bloed, die dood, die lyding en gehoorsaamheid van die Here Jesus Christus, in wie hulle deur die geloof in Hom vergewing van hulle sondes het.</p> <ul style="list-style-type: none"><li>▪ Waarom kom mense tot bekering en geloof in Christus en word lidmate van die kerk?</li><li>▪ Lees gerus ook Ef. 1:4-6, Heidelbergse Kategismus Vr/Antw 54.</li></ul> <p><b>Vraag 54:</b> Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?</p> <p><b>Antwoord:</b> Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly.</p> <ul style="list-style-type: none"><li>▪ Tot watter gesindheid behoort elke belydende gelowige te kom as hy/sy besef dat dit enkel en alleen genade is - ja, uitverkiesende genade! - dat ons aan Christus en sy liggaam, die kerk, behoort?</li></ul>
--	--

## (2) Hoe funksioneer die kerk?

(Hou steeds Hand 2:37-42 in gedagte! Nog skrifgedeeltes word gegee om jou gedagtes verder te prikkel!)

Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.

**Hand 2:42**

- Kyk terug: Met watter vier dinge het die eerste gemeente volhard? Hoe hou dit verband met mekaar?
- Op watter maniere moet en kan 'n gemeente homself herinner en versterk met die leer van die apostels?
- Wat kan elke gelowige doen om te help sorg dat eredienste en prediking opbouend, besielend en inspirerend is?
- Watter tipe kleiner samekomste in huise kan georganiseer word?
- Wat behels onderlinge verbondenheid of gemeenskap?
- Waarom en hoe moet 'n gemeente volhard in die gebed?

**Heb. 10:26:** Ons moenie van die gemeente se samekomste af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan...

**Hand 17:11:** Hulle het met groot belangstelling na die woord geluister en elke dag die Skrif ondersoek om te sien of dit is soos Paulus sê...

**Hand 2:46:** ...van huis tot huis gemeenskaplike maaltye gehou...

**Rom. 16:5:** Groete ook aan die gemeente wat gereeld in hulle huis bymekaarkom....

**Hand 2:44:** Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel

**Gal. 6:2:** Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus.

**Hand 4:31:** Nadat hulle gebid het... is hulle met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig.

### **(3) God se doel met sy kerk**

(Hou steeds Hand 2.37-42 in gedagte! Nog skrifgedeeltes word gegee om jou gedagtes verder te prikkel!)

Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente bygevoeg.

**Hand 2:47**

<p><b>Hand 17:30:</b> God het die tye van onkunde oorgesien, maar nou roep Hy al die mense oral om hulle te bekeer...</p> <p><b>Mat 24:14:</b> En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuienis kan hoor. Eers dan sal die einde kom.</p> <p><b>Luk 14:23:</b> ...Gaan uit na die paaie en die lanings en dring by hulle daarop aan om in te kom, sodat my huis vol kan word...</p> <p><b>Joh. 13:34-35:</b> Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos ek julle liefhet moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet sal die wêreld weet dat julle my dissipels is.</p>	<ul style="list-style-type: none"><li>▪ Wat het dadelik in die eerste kerk begin gebeur?</li><li>▪ Wat is God se groot doel met die hele tydperk tussen pinkster en die wederkoms van Christus</li><li>▪ Wat is ons taak in die lig van hierdie groot doel?</li><li>▪ Hoe moet die kerk sy roeping om die Woord uit te dra, vervul?</li></ul>
--	---



# Kom ons evalueer nou ons gemeente...

Die vernaamste doel met hierdie uitgawe van *Quo Vadis?* is om ons te laat vra:

**"Hoe lyk ons as gemeente werklik, gemeet aan hoe Christus sy kerk in die Bybel teken?"**

1. Watter plankies in ons gemeente is kort?
2. Watter plankies is deur die genade van die Here langer?
3. Waar behoort ons te verander ten einde verstoppings en struikelblokke in die pad van ons geestelike groei sowel as ons groei in getalle weg te neem?
4. Evalueer ons gemeente deur 'n + of - merk te plaas by elkeen van die volgende aspekte. Dui op die manier aan in watter mate ons gemeentelike lewe gerig is op *bewaring én vermeerdering*.

Aspek	Is ons daarop gerig om te...	
	Bewaar	Vermeerder
Bv.: Gesprek op kerkraadsvergaderings?	+	+
Lidmate se optrede teenoor ander?	+	-
Administrasie?		
Barmhartigheid?		
Bejaardes?		
Diakonie?		
Diensbaarheid?		
Eredienste?		
Finansies?		
Gebede?		
Geboue en geriewe?		
Gemeentefunksies?		
Herderlike werk?		
Jeugwerk?		
Kategese?		
Kleingroepe?		
Liefde?		
Ouderlinge?		
Predikant se werksopdrag?		
Prediking?		
Publikasies?		
Regeerwerk?		
Samesang?		
Susters?		
Taalgebruik?		
Toerusting en opleiding?		
Verhoudinge met ander gemeentes?		